SPESIALE VERGADERING

gehou in die

SENDING KANTOOR

op 10 Junie 1930.

Teenwoordig is:- Di A.J.Malherbe, H.S.M.Botha, Z.J.v.Wyk, C.W.de Wet J.C.du Plessis en J.G.Strydom. Di C.R.Ferreira en C.F.Kies is verhinder teenwoordig te wees. Na 'n paar gebede word die vergadering as ope verklaar, en die sake word behandel.

BINNELAND.

Jagersfontein en Fauresmith: Die Sekretaris verduidelik dat hy en Ds v.Wyk, as Kommissie op die laaste vergadering benoem, die Kerkrade van Fauresmith en Jagersfontein ontmoet het, en 'n ooreenkoms is getref dat elke Kerkraad vir £125 sal gee en dan sal hul 'n jong Sendeling beroep wat die twee gemeentes tesame sal bearbei. Die Eerw., wat nou deur die Sending Kom. betaal word kan dan op 'n ander plek geplaas word. Van die Kerkraad van Fauresmith word 'n brief voorgelees waarin gesê word dat hul die £125 sal betaal, maar verwag dat die Sending Kom. die woning van die Sendeling op Fauresmith sal maak. Dit word besluit dat die Kerkraad van Fauresmith bedank sal word vir hul gewilligheid en dat die Kommissie gewillig is met die twee Kerkrade te onderhandel oor die woning van die Sendeling. Verder sal die Kerkraad van Jagersfontein gevra word hulle besluit in verband met die saak aan die Kommissie te stuur. Die vergadering keur die handelwyse van die Sub Kommissie goed.

Witzieshoek: Die Sending Sekretaris sê dat ons werk in die Hoek werklik nie tot eer van ons Kerk strek nie. Ons werk daar vir 27 jaar en daar is nie veel wat ons kan wys nie. Die gemeente is klein. Sektes het feitlik die Hoek ingeneem en die skole is uit ons hande vir die laaste 27 jaar. Ons moet nou, soos ons reeds laaste vergadering besluit het, die werk daar met erns aanpak. Die Evangelisasie werk moet meer intensief gedra word, en die skoolwerk meer doeltreffend.
Die Landbou Industriële skool is reeds 'n begin mee gemaak. Mej.Geldenhuys, wat deur die Hoofbestuur van die V.S.Bond daar geplaas is, het reeds met die skool 'n begin gemaak.
Dit word besluit dat Eerw.D.J.Faasen, tans sendeling te Jagersfontein, beroep word tot tweede leraar te Witzieshoek teen 'n salaris van £300 p.j. vrye woning en ander voorregte wat die Kom hom daar in kennis mee sal stel. Die beroepsbrief sal deur die Sendingsekretaris aan die lede gestuur word vir ondertekening. Daar is egter 'n klein tegniese foutjie met die groslys wat Br.Ross eersdaags sal regmaak en aan die Sekretaris sal stuur. Die werk van Br.Faasen sal wees:-
(a) Gewone geestelike werk in die gemeente.
(b) Hy sal ook die Hoof wees van die Industriële Landbouskool te Witzieshoek. Verder sal (1) die salaris wat die Regering vir daardie pos gee bygereken word by sy salaris om die £300 op te maak; (2) 'n Kom. benoem word bestaande uit Di Malherbe, Kies, du Plessis en Strydom. Hierdie Kom. sal na Witzieshoek gaan tydens die bevestiging van Eerw.Faasen en daar 'n vergadering hou met Eerw.Ross en ook met sy Kerkraad:-
(a) Die verhouding en werk van die leraars.
(b) Die voorregte wat Br.Faasen sal hê op die stasie tuine ens., ook watter tuine die skool vir landbou doeleindes sal kan gebruik.
(c) Die toekomstige beheer van die skool - 'n Witzieshoek Kom. soos die Stofberg Kom., wat een maal in die jaar 'n vergadering sal moet hou rakende al die werksaamhede van ons Kerk in die Hoek.
Dit word verder besluit dat Eerw.Faasen in Aug. bevestig sal word en dat aan Eerw.Ross geskryf sal word dat die buite geboue dadelik in orde gebring moet word, sodat die skool daar gehou sal word, en die huis wat nog nie in orde is nie, moet sonder verwyl reggemaak word sodat Br.Faasen in Augustus die huis kan okkupeer.

Werk in Kaapstad: 'n Brief word gelees van Eerw.J.de Villiers, skriba van die Ring van Wynberg. Hy vra verdere ondersteuning vir die werk in die Kaap. Daar die fondse so laag is, kon die Kommissie aan die versoek nie voldoen nie.

Sending Konferensie: 'n Brief van Eerw.Groenewald word gelees i/s die Konferensie van predikante, sendelinge, naturelle leraars en evangeliste. Die Moderatuur het September voorgestel as die beste tyd vir so'n Konferensie. Dit word goed gekeur. Dit word besluit dat die hele Konferensie deur die Moderatuur van die Send.Kerk, Di v.Wyk en Strydom gereel sal word.

Suid-Rhodesië: Die Kom., wat 'n Kom uit die Kaapse Kerk moet ontmoet, kry ook opdrag om te onderhandel insake Kerkverband van die lede van die personeel (Kaapse Sending) wat in die grense van ons gemeentes in Suid-Rhodesië woon.

Ring van Fauresmith: Versoek om 'n beskrywingspunt na die Sinode te stuur, en Art. 209 so te verander dat die 6 maande i.p.v. 12 maande sal wees.

BUITELAND.

Brief: DsD.P.Laurie skryf dat hy nie weer kan terug gaan na Noord-Rhod. nie. Die Kom. besluit om die volgende besluit na Ds D.P.Laurie te stuur:-
Die Kom. verneem met leedwese van die bedanking van Ds D.P.Laurie as sendeling, en spreek sy hartlike waardering uit teenoor hom vir sy lang en getroue liefdedienst wat hy aan die Sending bewys het gedurende die afgelope 14 jaar, en veral vir die bekwame wyse waarop hy die geldelike sake van die Sending behartig het en die deeglike wyse waarop hy sy gemeentes bearbei het en die belang wat hy gestel het in die ondersteuners van Buiteposte. Hy het gereeld en getrou aan die B.P.ondersteuners geskryf. Die Kom. wens hom voorts 'n baie geseende toekoms toe en hoop hy sal spoedig 'n werkkring hê.

Brief Ds Pauw: Die Voorsitter rapporteer dat hy van Ds Pauw per telegram verlof gevra het om die brief, wat hy sekere dinge reeds aan die Sekretaris geskryf het en wat hy gevra het vir die belê van hierdie ~~brief~~ verg., voor die vergadering te lê, maar Br.Pauw het terug getelegrafeer dat die brief streng privaat is. Die vergadering besluit derhalwe nie van die brief, terwyl dit privaat is, kennis te neem nie.

Voorsitter: Dit word besluit dat die Voorsitter aan Br.Pauw sal skryf en vra om liewer alle korrespondensie rakende die Sendingwerk aan die Sekretaris te stuur, om alles dan voor die Kommissie te lê.

Telegram: Dit word besluit aan die Raad die volgende telegram te stuur: "Hartlike heilbede vir u vergadering. Ons dink steeds aan u in u groot, moeilike maar geseende werk in die gebed".

Ds. Scheepers: Dit word besluit sy gaan na die Sending veld uit te stel, aangesien die tyd so kort is.

Ds. Laurie: Hy verskyn in die vergadering en word welkom geheet deur die Voorsitter. Ds Laurie, op versoek van die Voorsitter, spreek die verg. Hy wys op enige dinge wat misverstand teweeg gebring het en 'n verkeerde gevoel geskep het. Onder die bespreking blyk dit dat misverstand grotendeels die oorsaak is van die gevoel onder die lede van die staf. Dit word besluit dat Di Malherbe, Botha en v.Wyk 'n brief sal opstel en die Raad sal verseker van ons goeie gevoelens teenoor hulle.
Ds Laurie word ook gevra aan die Raad te skryf en sake duidelik te maak wat hy weet wat misverstand veroorsaak het, en ook te skryf oor die werk in die Weste by die myne.

Latham: Hy het sy aanmerking, wat refleksie gewerp het op ons volk in die Unie, in Art. 9 van sy jaarverslag, terug getrek en het ook aan die Reg. van Noord-Rhodesië geskryf dat hy jammer is dat die aanmerking gemaak is en trek dit terug. Die Sekretaris sal hom dank vir sy grootmoedigheid in hierdie saak.

Broken Hill: Met die oog op die uitbreiding van die werk op die myne, besluit die vergadering die Raad te vra Ds.W.A.Krige of 'n ander persoon wat die Raad verkies, te stuur na die Weste. Hierdie persoon moet ons Kerk ook verteenwoordig op Kommissies rakende die Sending en onderwys saam met die Regering en ander Kerke.

Brief Mnr. Oosthuizen: Hy vra £15 wat nog skuldig is op 'n lorrie wat Sending goed vervoer het. Die Kom. besluit die £15 te stuur al is daar 'n verskil van opinie insake die oorspronklike kontrak; ook daar Ds H. A.de Wet van Lusaka meen die geld moet liewer betaal word.

Die Basuin: Die Sekretaris gee verslag en merk op dat daar nie genoeg moeite gedoen word om intekenare te verwerf nie.
Die Sub Kom. wat die Kaapse Kom. moet ontmoet insake die Sendingwerk in Suid-Rhodesië, kry opdrag oor "Die Basuin" met die Kaapse Kom. te onderhandel en te sien of dit nie nog moontlik is om liewer een groot Sending Blad uit te gee nie.

Finansies: Die finansiële staat word voorgelê waaruit dit blyk dat:-
(a) Die Binneland 'n krediet het van slegs £78. 3. 2. Die eerste vaste inkomste geskied eers in Oktober. Daar sal dan 'n tekort wees van sowat £300.
(b) Die Buiteland: Daar is tans 'n tekort van £2169.14.10.

Dit word besluit dat die Sekretaris 'n skrywe in die Kerkbode sal rig en die toestand van die fondse deeglik uiteen sit. Dit word ook besluit dat die Voorsitter die werk daarop 'n artiekel sal skryf in die Kerkbode, waarin hy ons beleid en spaarsaamheid sal verduidelik en 'n oproep maak vir fondse.

Die vergadering word met gebed gesluit.